

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 208**  
(September 1986)

## **Die mens sug tot God**

\* \* \* \* \*

"Wees my genadig, o God, in U troue liefde, wis  
my oortredinge uit in u groot barhartigheid."

(Psalm 51:3)

# God se liefde

In Psalm 103 jubel en juig Dawid . . . ja, hy loof God! Uit sy volle wese borrel sy loflied:

"Ek wil die Here loof met álles wat in my is!"

WANT . . . God se liefde en genade is enorm . . . onbeskryflik heerlik . . . onuitspreeklik wonderlik.

Ja, Dawid probeer dit verwoord in hierdie lofpsalm. En let mooi op hoedat hy drie stellings of vergelykings maak om net te probeer om iets van God se liefde vir jou en my te beskryf! In vers 11 is die eerste stelling:

"Só groot as die afstand tussen hemel en aarde is — só groot is God se liefde."

Wat kan groter wees as dit? As die afstand tussen die hemel en die aarde? Dis onbeskryflik groot . . . onmeetlik . . . onbegryplik. Ja, só gróó is God se liefde!

Die mens deurkruis al vandag die ruimtes . . . mense wandel op die maan . . . ruimtetuie deurkruis die ruimtes vir jare na jare — en nog nóóit is die einde van die afstand tussen hemel en aarde bereik nie! Inteendeel, dis net nie moontlik om daardie afstand te bepaal nie.

En só groot is God se liefde — vir die mens onbegryplik en onmeetlik — vir elke sondaarsmens. Ja, so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het as 'n losprys vir al ons sondes!

Dan Dawid se tweede stelling in vers 12:

"So ver as die ooste van die weste af is, só ver verwyder Hy ons oortredinge van ons."

Sien jy, geliefde leser? Die grootste afstand moontlik! Só ver strek God se liefde vir jou!

Onmeetlik ver is jou sondes verwyder as jy *glo* in Christus en Hom bely. Só ver soos tussen oos en wes . . .

- só ver het Christus sy kind se sondes verwyder
- só ver is die afstand van God se liefde vir ons!

En dan lees ons in vers 13:

'Soos 'n vader hom ontferm oor Sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien.'

Soos 'n vader . . . só naby is God aan Sy kind . . . net soos 'n vader aan Sy kind. Dis die naaste wat iemand aan jou kan wees — 'n vader by Sy kind! Ja, God se liefde, Sy sorg, Sy verlossing, Sy vergifnis — dis só naby aan jou soos 'n vader aan sy kind! Naby? Ja, in sy Woord — so naby soos die Bybel aan jou is, só naby is God — nee . . . nog nader: In jou *hart* is sy Heilige Gees! *In* jou, by jou, naby jou!

Ervaar jy dit my vriend en vriendin?

Ervaar jy God se liefde?

**ONTHOU . . .**

- God is só *naby* aan jou deur Sy liefde in Christus, soos 'n vader aan Sy kind
- jou sonde is só *ver* verwyder deur Jesus se kruisdood, soos die ooste verwyder is van die weste.
- só *groot* is Sy liefde soos die afstand tussen hemel en aarde

Gló dit en leef uit dankbaarheid vir God se onbeskryflike liefde . . vir JOU!

**Ds. Nico Ligthelm**

# Skaars minder as 'n engel

Ps. 8:6: "U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon."

Dawid dig Ps. 8 om die lof en eer van God te besing. Hy wil die Here prys omdat Hy die Skepper is van alle dinge.

## DIE NATUUR

Dawid sien die maan en die sterre in 'n helder nag. Hy noem dit: "Die werk van U vingers." (vs. 4) Ps. 104:2 praat daarvan dat die Here die hemel uitspan soos 'n tentdoek.

Die psalmberymmer Totius het Ps. 8:3 soos volg verwoord:

"As ek, o Heer, u nagtelike hemel  
daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;  
hoe, deur U toeberei, die skugter maan  
met stille gang oor sterrevelde gaan . . ."

As Dawid sien hoedat elke ster sy baan het en die maan sy pad loop, en dit in die stilte van die nag opnuut tot hom deurdring dat die Here alles gemaak het en in stand hou, kan hy nie anders as om in 'n loflied uit te bars nie:

"O HERE, onse HERE, hoe heerlik is U Naam op die ganse aarde."

Onbegryplik is U onmeetlike mag!

Die pragprodukt wat U met 'n magswoord tot stand gebring het, maak ons stomverslae!

Orals blink u Naam en majesteit! Só glansryk spieël die skepping dit af, só maklik afleesbaar is die werke van U hande, dat selfs kinders en suigeling U lof besing.

## DIE MENS

Die mens (ook u!) is 'n nietige maaksel. Soos alle ander dinge wat bestaan, is hy ook 'n skepsel.

Hy is weliswaar 'n stippeltjie in God se skepping. En sy bestaan hier op die aarde is so kortstondig soos 'n veldblommetjie wat deur die wind verskroei word.

En tog: Juis aan die skepping van die mens het die Here besondere aandag geskenk. Hy is na die beeld van God geskape. Hy staan in 'n heel besondere verhouding tot God: 'n Persoonlike verhouding.

"U het hom 'n weinig minder as 'n goddelike wese gemaak." (vs. 6).

Daar is 'n geweldige *afstand* tussen God en die mens. God bly dié God wat 'n ontoeganklike lig bewoon. En die mens bly mens met sy voete op die aarde.

En tog is daar 'n nou *intimiteit* tussen hom en God. Die mens is bekroon met eer en heerlikheid.

## HEERSER

Die mens het koninklike waardigheid. God laat hom heers oor die werke van sy hande. (vs. 7). En let wel: Die Here het *alles* aan hom onderwerp.

Hier op die aarde heers hy oor alles. Hier beoefen hy wetenskap. Hier onderwerp en tem hy die energiebronne van die aardkors.

Hier beoefen hy landbou en ontgin hy die voedselbronne van die see.

Van hier af onderneem hy togte na die maan.

## TEENSTRYDIGE WESE

'n Klomp teenstrydighede is in die mense vasgevang.

- Enersyds is hy 'n stippeltjie in God se skepping. Andersyds word hy deur God opgesoek en besonderlik na omgesien.
  - Enersyds is hy 'n slaaf van die aarde. Andersyds is hy heerser oor die ganse skepping. Slaaf en heerser in een wese.
  - In Christus word al die spanninge wat in die mens is, opgeklaar.
- Alleen as God jou aansien nadat jou sondes deur die bloed van **Christus afgewas** is, is jy werd dat Hy aan jou dink en jou opsoek — al is jy 'n stippeltjie in sy skepping.
- Alleen in Christus kan jy werklik 'n koning wees wat kan heers.

## VERWONDERING

In Vs. 5 stel Dawid 'n vraag van verwondering:

"Wat is die mens dan dat U aan hom dink?" As 'n *sondige mens* jou 'n vraag van verwondering laat vra, hoeveel te meer laat die *sondelose mens* Christus, wat tegelyk God is, jou nie in woordelose bewondering voor Hom staan nie?!

- In Christus is ook u 'n voorwerp van *verwondering*.
- Sonder Christus is u 'n voorwerp van *verwerping*.

**Ds. A. H. Grové**

# Psalm 51

Wie van ons is sonder sonde?

N I E M A N D!

Almal het al soveel keer, so baie gesondig, U en ek, ja almal!

• • • • •

Wat maak ons met ons sonde?

Laat ons dit daar, of vlug ons na God en smeeek om vergifnis!

• • • •

Dawid, die liefing van God, het ook sonde gedoen! Hy het baie diep in sonde geval (Lees 2 Sam. 11).

Wanneer die profeet Dawid bestraf dan dig hy 'n Boetelied! In hierdie boetelied sien ons wat ware sonde belydenis is.

Vers 6 "Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë."

Sonde is in die eerste plek om te doen wat verkeerd is in die oë van die HERE - dié bely Dawid opreg! Sy sonde is nie te klein of te groot dat hy nie dadelik na God toe kon gaan, en by God om vergifnis smeeek nie.

God ken ons sondes, Hy sien dit raak, Hy weet van alles wat ons verkeerd doen.

Maar maak ons soos Dawid om direk na God te gaan in gebed, en by God te smeeek om genade, en by God ons sonde te bely?

Vra ons daarmee saam soos Dawid in vers 12 vra:

"Skep vir my 'n rein hart, o God . . ." Sonde vergifnis is nie alleen om net ontslae te raak van jou sondes nie, maar ook om van nuuts af te begin.

Glo u dat God in Jesus Christus u sondes sal vergewe!

Glo u ook dat God deur die Heilige Gees vir u 'n rein hart sal skep!

**Glo u dit!**

Bid dan saam met Dawid om vergifnis van jou sonde.

Sonde is in die tweede plek om weg van God te beweeg. Hoe meer u sonde doen, hoe meer u in die sonde bly, en daarin verdiep — hoe verder weg van God beweeg u!

God is nie met sonde beklad nie, God is en het nie deel aan sonde nie.

God is heilig!

Daarom is iemand wat so vol sonde is, so ver weg van God af!

Dawid bid:

Vers 13 "Verwerp my nie van U aangesig nie."

Dawid wil nie ver weg van die HERE af wees nie! Daarom vra hy — "gee my weer die vreugde van U heil" — vers 14. Dawid wil graag die nabyheid van die HERE smaak. Hy ken die nabyheid, en soek dit nou weer.

Wil u naby God wees — Bely u sondes.

In Jesus Christus is die Heilige Gees by u en my!

Bid om vergifnis van sonde.

Bid om 'n rein hart.

Bid om God se nabyheid.

Bid om nie weer te sondig nie.

Dan sing ons saam met Dawid:

HERE, open my lippe, dat my mond u lof kan verkondig!

***Ds. Leo van Schaik***

# As die Here die huis nie bou nie...

(Psalm 127:1)

In Ps. 127:1 lees ons:

"As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs."

Met hierdie woorde gee die wyse Salomo aan ons die één groot vereiste vir 'n geseënde en voorspoedige lewe.

Hy sê hiermee dat ons al ons ondernemings moet aanpak in afhanklikheid van die Here;

- dat ons al ons beplanning moet doen in 'n ware gelowige lewensbenadering;
- dat elke faset van ons toekomsverwachting gerig moet wees op die Goddelike lewensbron uit wie die lewensvolheid stroom.

As ons dit nie só doen nie, moet ons weet dat al ons planne en pogings, aan ewigheidstandaarde gemeet, sinlose vermoënis is

- al word dit skynbaar met tydelike sukses bekroon, op die lange duur kan dit nie stand hou nie.

As die Here nie in ons planne en ideale en vooruitsigte geken en erken word nie;

- as daar nie in Sy Naam en in Sy krag gestrewe en gearbei word nie;
- en as Hy nie in alles om Sy seën aangeroep word nie, is al ons arbeid en ywer tevergeefse moeite, en uiteindelik tot 'n gewisse mislukking gedoem.

Al sou jy al jou kragte inspan,

- al sou jy alles in die stryd werp,
- al sou jy baie opofferings maak,

as die Here nie daarby is nie, baat al jou pogings niks!

Sonder Hom is daar geen waarborg en geen sekerheid en geen toekoms nie.

Want ons weet nie wat môre en oormôre en die dag daarna sal gebeur nie.

Ons hou nie die toekoms in ons hande om daarmee te maak wat ons wil nie.

En as ons dan sonder God probeer beplan en bou,

- al sou ons sonder God genoeg stene kon bymekaar maak en dit alles netjies op mekaar inmessel,
- al sou ons, soos die mense destyds by Babel sonder God swoeg om torings en huise en toekomsideale te bou, 'n enkele aardbewing of windstorm of vloedgolf deur God gestuur,
- 'n enkele woord deur Hom gespreek,

sou genoeg wees om ons wankelrige gebou inmekaar te laat stort, en om ons mensgemaakte strukture in puinhope te verander.

Want:

"As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs." Tot sover die negatiewe kant van die saak. Daar is egter ook 'n positiewe kant - die teendeel is net so waar, nl.:

- As God *wel* die huis bou, dan word ook ons nietige pogings met sukses bekroon.
- As God *wel* die huis bou, dan sal daardie bouwerk spoedig groei tot 'n volmaakte

woning wat die lof van ons Here verkondig.

- As God *wel* die huis bou, dan sal dit 'n huis op 'n rots wees — stewig en solied — en dan kan die storms van die lewe maar kom en die winde waai en die reëns val . . .
- . . . daardie huis sal bly staan, nie vanweë ons kraginspanning nie, maar omdat die Skepper van hemel en aarde die Boumeester is, en omdat dit gebou is op die Rots Jesus Christus.

Daardie huis sal 'n tempel wees van die Heilige Gees, gebou op die enigste Fondament Christus, 'n tempel tot eer van God, waarin sy heerlijkheid in ons woorde en in ons dae besing sal word.

As ons dus in ons beplanning en ons bouwerk *met* God leef en op Sy sorg vertrou, hoef ons ons nie krampagtig in te span en af te sloof nie — want Sy seën laat ons selfs dinge ontvang asof dit in ons slaap gebeur.

Sy seën en leiding en sorg is die enigste waarborg vir blywende sukses in al ons ondernemings.

Vir diegene wat Hom ken en met Hom rekening hou, wat in Sy Naam en in Sy krag, met 'n gebed in die hart en 'n geloofsbelydenis op die lippe, leef en werk en beplan,

- aan hulle deel die Here allerlei onverdiende gawes uit, en laat Hy oorvloedige seëninge op hulle neerdaal.

En dan weet ons: Ondanks moeilike omstandighede en beproewinge soms, is alles nogtans tot ons beswil, en gee die Here veel meer as wat ons ooit kan verwag.

"Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien en Sy wil doen . . . gelukkig en voorspoedig sal jy wees!" (Ps. 128:1, 2).

***Ds. Pieter van der Walt***

# Die Here beskerm my

(Psalm 3)

Voel dit ook soms vir jou asof alles skeef loop? Asof niemand jou reg verstaan nie? Mense jou aankyk asof jy 'n ding is wat die kat ingedra het? BOTSINGS tussen jou huismense . . .

ALLES loop net mooi verkeerd! Kan jy jou dan indink, my gewaardeerde Leser, hoedat koning Dawid moes gevoel het toe hy moes vlug vir sy lewe voor sy seun Absalom?

Hy was koning

en

sy eie bloedkind wil hom DOODMAAK.

Ons is so ongelukkig as ons kinders teen ons opstandig raak. Maar koning Dawid moes vlug vir sy lewe voor Absalom en sy bende opstandiges wat hy om hom vergader het.

Wat ons nie kan verstaan nie, is dat Dawid nie die hoof van sy leër opdrag gee om die bende van Absalom uit te wis of selfs net gevange te neem nie. Iets verhinder Dawid om dit te doen.

Dit was sy LIEFDE vir sy kind.

Dawid werp homself liewers in die hande van die ewige God en Vader. En as hy dit gedoen het dan sing Dawid die woorde:

"Maar U, Here, beskerm my aan alle kante." (Psalm 3:4)

Die ou vertaling sê so pragtig:

"Maar U, Here, is 'n skild wat my beskut."

As koning wat baie oorlog gemaak het, het Dawid goed geweet wat die waarde van 'n skild vir 'n soldaat was. 'n Skild was 'n baie belangrike deel van 'n soldaat se wapenrusting. As 'n soldaat in staat was om sy skild behoorlik te kon hanteer, kon hy die vyand van hom af weghou. Hy stoot eenvoudig die skild in die rigting van die vyand.

Val die vyand jou van voor aan . . . hou hy sy skild voor hom. Val die vyand van regs aan, stoot hy die skild daarheen. Val die vyand jou van bo aan van die stadsmuur af, hou hy die skild net eenvoudig bokant sy kop. Maar kyk nou na Dawid se *GELOOFSVERTROUE*:

Hy sê dat GOD is sy SKILD. Die Here beskerm hom aan alle kante. Dawid leer ons hier dat ons altyd God voorop moet stel om ons teen alle gevare te beskerm. God kan dit ook doen, want God is ALMAGTIG en ALOMTEENWOORDIG . . . God kan alles doen en is orals op alle plekke tegelyk. Geagte Leser, stoot God altyd in die geloof tussen jou en jou vyand in . . . Of dit jou kind is wat jou bedreig . . . Of dit jou werk of werkgewer is . . .

Of dit Satan is wat jou in swakheid aanval . . .

Selfs as daar as gevolg van die swak finansies van ons dag, nie kos is om te eet nie en jou kinders soebat om kos voor jou — smee God dan om genade dat Hy uitkoms mag gee as dit na SY wil is.

Dawid het Absalom só lief gehad dat hy liewers gevlug het as om sy hand aan sy seun te slaan. Sal God, jou hemelse Vader, jou dan in ellende laat omkom as Hy jou só liefgehad het dat Hy sy enigste SEUN, Jesus, gegee het om in jou plek te sterf?

NEE, Nooit nie!

Vertrou daarom onwrikbaar vas op God . . . ALLEEN.

**Ds. Andries H. Mulder.**